SKI-KLAS | SENTRUM VIR KURRIKULUM INTEGRASIE

VOORLOPIGE AANSOEKVORM

Geagte Ouer/Voog

U kind kan moontlik kwalifiseer vir die opwindende nuwe Sentrum vir Kurrikulum Integrasie Klas, Graad 4 2025 en moontlik Graad 5.

Wat is die SKI-Klas?

Die Sentrum vir Kurrikulum Integrasie (SKI) word daargestel vir leerders met akademiese potensiaal wat steeds kan baat vind in die akademiese hoofstroom. Die sentrum se doelwit is herintegrasie van leerders met hulp en ondersteuning van gespesialiseerde personeel en tegnologie, waar die omgewing bydra tot die ontwikkeling van leerders se vaardighede. Alhoewel 'n gedifferensieerde kurrikulum aangebied word, is die inhoud en assessering dieselfde as vir die leerders in die res van die graad.

Die grootte van die klas is krities tot optimale leer en individuele aandag van die leerders. Die klas word beperk tot 'n aantal van om en by 15 leerders.

Leerders in die klas geniet steeds die volle ervaring van skool deur blootstelling aan 'n wye verskeidenheid van buitekurrikulêre aktiwiteite. U kind word aangemoedig om betrokke te raak by sport, kultuur en ouderdomsgepaste sosialisering.

'n Paneel, bestaande uit verskeie deskundiges, is deur die LLG Beheerliggaam aangestel om aansoeke vir die SKI-klas te verwerk. Aansoeke word deur ouers voltooi en ingedien, waarna die paneel aanbevelings aan die beheerliggaam deurgee vir toelating.

Leerders van Louwtjies sal voorkeur geniet. Leerders van ander skole mag ook aansoek doen vir toegang tot hierdie klas. Die aansoekproses sal nie die normale toelating tot LLG beïnvloed nie, maar is slegs van toepassing op die SKI-Klas.

VRAAG: **Sal my kind kwalifiseer vir die klas? Is my kind 'n goeie kandidaat vir die SKI-klas?**

ANTWOORD: Kinders wat oorweeg sal word, is leerders met 'n gemiddelde tot bo-gemiddelde IK, soos getoets deur 'n Opvoedkundige Sielkundige.

Hierdie leerders toon 'n agterstand in sekere noodsaaklike vaardighede, en kan insluit, maar is nie beperk tot sensoriese disregulasie nie.

Angstige leerders wat nog nie gereed is vir die aanpassing en tempo van klasse wat wissel tussen verskillende vakke en/of onderwysers nie sal ook moontlik baatvind by dié klas.

Verder is daar leerders wat in Graad 3 geïdentifiseer word wat moontlik in die Intermediêre Fase sou baatvind by akademiese akkommodasies.

VRAAG: **Wat is akademiese akkommodasie?**

ANTWOORD: Akkommodasie is die spesiale toegewing wat die Onderwysdepartement toestaan aan leerders met spesifieke uitdagings tot assessering. Hierdie uitdagings moet 'n werklike negatiewe impak op die leerder se vermoë hê om kennis weer te gee en nie net om akademiese resultate te verbeter nie.

Leerders word geïndentifiseer en ontvang goedkeuring om sekere aanpassings ten opsigte van hul assesserings hetsy; ekstra tyd, spelling, leser en/of skrywer.

In samewerking met die skool, ouers en Opvoedkundige Sielkundiges voorsien ons die Departement met die nodige dokumentasie om aansoek te doen vir akkommodasie. Dié akkommodasie is tot voordeel van die leerder en beskikbaar tot in Graad 12. Daar moet in elke fase weer aansoek gedoen word vir goedkeuring.

VRAAG: **Is daar ekstra kostes verbonde indien 'n kind toegelaat word tot die SKI-klas?**

ANTWOORD: Ja, daar is tydens die Algemene Jaarvegadering 'n resolusie goedgekeur dat ouers wie se kinders in die SKI-klas is, se skoolfonds R 38,500.00 per jaar beloop. Die verskil tussen normale skoolfonds en skoolfonds van dié klas sal spesifiek aangewend word vir hierdie sentrum (volgens die diskressie van die LLG Beheerliggaam).

VRAAG: **Wat is die voordeel vir my kind om in die klas te wees?**

ANTWOORD: Leerders in die klas sal nie wissel tussen verskillende klasse nie. Al die verskillende vakke sal in die klas deur die onderwyseres aangebied word. Dit stel die onderwyseres in staat om die werk gedifferensieerd aan te bied. Leerders sal die geleentheid kry om spesifieke aandag te skenk aan sekere vaardighede wat nog ontwikkel moet word. Die onderwyseres is spesifiek opgelei en het ondervinding met leerders wat gefokusde individuele aandag nodig het - die kleiner klasgrootte dra ook daartoe by. Gespesialiseerde meubels, tegnologie en algemene atmosfeer dra by tot die milieu van die klas wat voordelig is vir die vaardigheidsontwikkeling van die leerders sonder onnodige druk en spanning.

VRAAG: **Wat is die tydperk wat my kind sal deel wees van hierdie klas?**

ANTWOORD: Leerders sal 'n akademiese jaar voltooi, waartydens 'n evaluasie voltooi sal word om te bepaal of die leerder kwalifiseer vir herintegrasie, al dan nie. Geleentheid sal geskep word vir leerders om deur die loop van die jaar te integreer by ander klasse indien hulle sou baat vind daarby.

VRAAG: **Wat verwag ons moet hierdie leerders saambring klas toe?**

ANTWOORD: Aangesien hierdie klas meer van tegnologie gebruik sal maak, sal daar van die ouers verwag word om die volgende items saam te bring: tablet of skootrekenaar, sleutelbord en oorfone. Die skool sal die ouers voorsien van die spesifikasies en vereistes vir hierdie toerusting aangesien die sagteware moet integreer met die LCD interaktiewe skerm wat deur die onderwyseres gebruik gaan word.

PANEELGESPREK | MAANDAG 25 NOVEMBER 2024

Indien u en u kind graag deel wil wees van hierdie ontwikkelingsreis nooi ons u hartlik uit om ons **paneelgesprek** by te woon op **Maandag 25 November 2025 om 17:30 vir 18:00** by die skool. **Registreer** asb. teen **Vrydag 22 November om 11:00** deur op die skakel te klik.

Kontak ons gerus vir enige verdere navrae by tina@llg.co.za.

Louwtjiegroete,

MNR. MARTIN BENSCH
LLG HOOF

(SKEURSTROKIE)

SENTRUM VIR KURRIKULUM INTEGRASIE: VOORLOPIGE AANSOEKVORM

Voltooi asseblief die volgende en e-pos na tina@llg.co.za.

Merk asseblief wat op u van toepassing is:

JA	NEE	
		U oorweeg die klas vir u kind.
		U is bewus dat daar ’n addisionele fooi vir die klas maandeliks betaalbaar is.
		U kind het/of sal ’n volledige sielkundige assessering gedoen/doen wat nie ouer as 2 jaar is nie.
		U is bewus dat u as ouer verantwoordelik is vir die aankoop van toestelle, soos ’n tablet/ skootrekenaar, sleutelbord en oorfone. (Spesifikasies sal voorsien word).
		Kontak my vir verdere inligting.
		Ek stel belang in Graad 4.
		Ek stel belang in Graad 5.

Naam van ouer: (1)	
Kontak nommer:	
E-pos adres:	
Naam van ouer: (2)	
Kontak nommer:	
E-pos adres:	
Naam van leerder:	
Huidige graad van leerder:	